(4) In deciding any question that arises in the application of the provisions of subsection (2)(b), the chief electoral officer shall exercise the discretion vested in him in such a manner that, as far as possible, no vote shall be rejected merely because a person who holds or, at any time, held any appointment or office under this Proclamation or the Registration Proclamation failed to perform or properly to perform any duty or function which he was required to perform in terms of any provision of the relevant Proclamation, and for that purpose the chief electoral officer may take into consideration, and make enquiries as to, any information or any circumstances, occurrence or fact which in his opinion is relevant to the decision of that question.

(5) Each tendered ballot paper envelope containig a ballot paper which is not rejected in terms of this section shall be replaced in the tendered ballot box from which it was taken.

(6) All registration cards or affidavits in lieu of a registration card accompanying those envelopes referred to in subsection (5) shall be removed.

(7) The tendered ballot box containing ballot paper envelopes shall be sealed and be kept in a safe place until it shall be opened in terms of this Proclamation.

Circumstances under which a tendered ballot paper issued in respect of registration cards on which the numbers and particulars appear on the list of objections postponed sine die *is to be rejected*

34. (1) Upon receiving from a magistrate an advice contemplated in section 24(2)(c), the chief

word die stembrief in die aangebode stembriefkoevert wat daardie registrasiekaart vergesel, verwerp en nie getel nie.

(3) 'n Beslissing kragtens subartikel (2)(b)(ii) dat die handtekening of 'n vingerafdruk van die persoon aan wie 'n stembrief op grond van 'n bepaalde registrasiekaart uitgereik is, nie die handtekening of vingerafdruk is nie van die persoon aan wie daardie registrasiekaart uitgereik is, word deur die hoofverkiesingsbeampte gegee na oorlegpleging, in die geval van 'n handtekening, met minstens twee telbeamptes wat handskrifdeskundiges is, en, in die geval van 'n vingerafdruk, met minstens twee telbeamptes wat vingerafdrukdeskundiges is.

(4) By die beslissing van 'n vraag wat uit die toepassing van die bepalings van subartikel (2)(b) voortspruit, oefen die hoofverkiesingsbeampte die diskresie wat by hom berus op so 'n wyse uit dat, sover moontlik, geen stem verwerp word nie bloot omdat iemand wat 'n aanstelling of amp kragtens hierdie Proklamasie of die Registrasieproklamasie hou of beklee of te eniger tyd gehou of beklee het, versuim, het om 'n plig of werksaamheid te verrig of na behore te verrig, wat hy ingevolge 'n bepaling van die betrokke Proklamasie moes verrig het, en vir daardie doel kan die hoofverkiesingsbeampte enige inligting, of enige omstandigheid, gebeure of feit wat na sy oordeel by die beslissing van sodanige vraag ter sake is, in ag neem en daaroor navraag doen.

(5) Elke aangebode stembriefkoevert wat 'n stembrief bevat wat nie ingevolge hierdie artikel verwerp is nie, moet in die aangebode stembus waaruit dit gehaal is, teruggeplaas word.

(6) Alle registrasiekaarte of beëdigde verklarings in die plek van 'n registrasiekaart wat daardie koeverte bedoel in subartikel (5) vergesel, moet verwyder word.

(7) Die aangebode stembus wat die stembriefkoeverte bevat, moet verseël word en in 'n veilige plek gehou word totdat dit oopgemaak moet word ingevolge hierdie Proklamasie.

Omstandighede waaronder 'n aangebode stembrief uitgereik ten opsigte van registrasiekaarte waarop die nommers en besonderhede op 'n lys van sine die-*uitgestelde besware verskyn, verwerp moet word*

34. (1) By ontvangs van 'n in artikel 24(2)(c) beoogde kennisgewing van 'n landdros, endosseer

electoral officer shall endorse the decision to which the advice relates on the duplicate of the relevant registration card and on the relevant tendered ballot paper envelope removed from the covering envelope and if the objection to which the decision relates was allowed by the magistrate, remove that envelope from the packet concerned.

(2) If, after the provisions of section 33 have been complied with in respect of all registration cards received under section 28(3) from a particular district, there remains in any packet so received from that district, a tendered ballot paper envelope that has not been endorsed in terms of subsection (1) of this section, the chief electoral officer shall enquire from the magistrate who postponed the relevant objection *sine die*, and shall endorse on the relevant registration card and on such tendered ballot paper envelope, whether the objection has been decided upon and, if so, whether it was dismissed or allowed or, if it has not been decided upon, to immediately decide upon the objection, and if any such objection was allowed, remove such tendered ballot paper envelope from the packet concerned.

(3) The ballot paper contained in a tendered ballot paper envelope removed from any packet in terms of subsection (1) or (2) shall be rejected and not be counted.

(4) The provisions of section 24(2)(d) shall *mutatis mutandis* apply to any decision taken by a magistrate when required to do so by the chief electoral officer as contemplated in subsection (2).

Counting of votes in respect of tendered ballot papers and determination of result of the poll in the election

35. (1) When the provisions of the preceding sections have been complied with in respect of all the tendered ballot boxes and packets in respect of objections postponed *sine die* received from any district, the chief electoral officer shall —

(a) remove from the tendered ballot boxes and relevant packets all tendered ballot paper envelopes containing ballot papers not rejected in terms of the preceding provisions of this Proclamation;

(b) open each such envelope and take out the ballot paper contained in it;

(c) remove and destroy all the envelopes so opened;

die hoofverkiesingsbeampte die beslissing waarop die kennisgewing betrekking het op die duplikaat van die betrokke registrasiekaart en op die betrokke aangebode stembriefkoevert wat verwyder is uit die omslagkoevert en, indien die beswaar waarop die beslissing betrekking het deur die landdros gehandhaaf is, verwyder hy daardie koevert uit die betrokke pakkie.

(2) Indien daar, nadat die bepalings van artikel 33 nagekom is ten opsigte van alle registrasiekaarte ontvang kragtens artikel 28(3) vanaf 'n bepaalde distrik, in enige pakket 'n aangebode stembriefkoevert oorbly wat nie ingevolge subartikel (1) van hierdie artikel geëndosseer is nie, doen die hoofverkiesingsbeampte by die landdros wat die betrokke beswaar *sine die* uitgestel het navraag, en endosseer hy op die betrokke registrasiekaart en op daardie aangebode stembriefkoevert, of die beswaar uitgewys is, of, indien dit nie uitgewys is nie, om onmiddellik die beswaar uit te wys, en indien enige sodanige beswaar gehandhaaf is, verwyder hy daardie aangebode stembriefkoevert uit die pakket waarin dit is.

(3) Die stembrief in 'n aangebode stembriefkoevert wat ingevolge subartikel (1) of (2) uit 'n pakket verwyder is, word verwerp en nie getel nie.

(4) Die bepalings van artikel 24(2)(d) is *mutatis mutandis* van toepassing op enige besluit deur 'n landdros geneem wanneer hy deur die hoofverkiesingsbeampte gevra word om dit te doen soos beoog in subartikel (2).

Tel van stemme ten opsigte van aangebode stem briewe en bepaling van die uitslag van die stemming in die verkiesing

35. (1) Nadat die bepalings van die voorafgaande artikels nagekom is ten opsigte van al die aangebode stembusse en pakkette ten opsigte van *sine die*-uitgestelde besware ontvang van 'n distrik, moet die hoofverkiesingsbeampte —

(a) alle aangebode stembriefkoeverte waarin daar stembriewe is wat nie ingevolge die voorafgaande bepalings van hierdie Proklamasie verwerp is nie, uit die aangebode stembusse en betrokke pakkette verwyder;

(b) elke sodanige koevert oopmaak en die stembrief daarin uithaal;

(c) al die aldus oopgemaakte koeverte onmiddellik verwyder en vernietig;

(d) sort the ballot papers, with regard to the provisions of subsection (3), on the basis of the registered parties in respect of which the votes were recorded;

(e) count the votes recorded in respect of each registered party; and

(f) determine the result of the poll in any district by adding —

(i) the number of votes received from the district; and

(ii) the number of tendered ballot paper votes,

recorded in respect of each registered party.

(2) When the provisions of subsection (1) have been complied with in respect of all the districts in the territory the chief electoral officer shall determine the result of the poll in the election by adding the numbers of the votes recorded in all the districts in respect of a registered party.

(3) (a) The chief electoral officer shall reject and not count any tendered ballot paper —

(i) which records votes to more than one registered party; or

(ii) which does not bear the official mark and in respect of which he has reasonable grounds to believe that it has not been officially issued to a voter in terms of section 21(6); or

(iii) which is unmarked or on which it is impossible to determine with certainty for which registered party the ballot is cast.

(b) The chief electoral officer shall not reject but shall count any tendered ballot paper on which there is a mark or writing, by means of which a voter has clearly indicated his choice otherwise than by a cross on such ballot paper.

(4) The rejection or acceptance of any tendered ballot paper by the chief electoral officer under any provisions of this Proclamation shall be final, and no court of law shall have jurisdiction to pronounce upon the validity thereof.

(d) die stembriewe sorteer, met inagneming van die bepalings van subartikel 3, op die grondslag van die geregistreerde partye vir wie die stemme uitgebring is;

(e) die stemme tel wat op elke geregistreerde party uitgebring is; en

(f) die uitslag van die stemming in 'n distrik bepaal deur —

(i) die aantal stemme ontvang van 'n distrik; en

(ii) die aantal aangebode stembriefstemme,

uitgebring ten opsigte van elke geregistreerde party, bymekaar te tel.

(2) Nadat die bepalings van subartikel (1) nagekom is ten opsigte van al die distrikte in die gebied, moet die hoofverkiesingsbeampte die uitslag van die stemming in die verkiesing bepaal deur die getalle van die stemme in al die distrikte ten opsigte van 'n geregistreerde party uitgebring, bymekaar te tel.

(3) (a) Die hoofverkiesingsbeampte moet 'n aangebode stembrief verwerp en nie tel nie —

(i) wat stemme op meer as een geregistreerde party uitbring; of

(ii) wat nie die amptelike merk dra nie en ten opsigte waarvan hy gegronde rede het om te glo dat dit nie amptelik ingevolge artikel 21(6) aan 'n kieser uitgereik is nie; of

(iii) wat ongemerk is of waarop dit onmoontlik is om met sekerheid te bepaal vir watter geregistreerde party die stem uitgebring is.

(b) Die hoofverkiesingsbeampte verwerp nie, maar tel 'n aangebode stembrief met 'n merk of skrif daarop waardeur 'n kieser sy keuse duidelik aangedui het op 'n ander wyse as deur 'n kruis op die betrokke stembrief.

(4) Die verwerping of aanvaarding van 'n aangebode stembrief deur die hoofverkiesingsbeampte kragtens die bepalings van hierdie Proklamasie is finaal, en geen geregshof is bevoeg om uitspraak oor die geldigheid daarvan te doen nie.

(5) The chief electoral officer shall endorse the word "rejected" or "verwerp" on any tendered ballot paper finally rejected in terms of this Proclamation, and shall for that purpose open every tendered ballot paper envelope containing such a ballot paper, take out the ballot paper without unfolding it, and remove and destroy such envelope.

Constitution of Assembly

36. The Assembly shall consist of 72 members who shall be persons nominated by the registered parties elected for that purpose at the election held in accordance with the provisions of this Proclamation, and declared as duly elected in terms of section 39(1)(b).

Qualifications of members of Assembly

37. Any person whose name appears on the register of voters and who is of or over the age of twenty-one years shall be qualified to be elected as a member of the Assembly.

Determination of number of candidates of registered party to be declared duly elected

38. (1) When all the votes have been counted and the number of votes recorded for a registered party at the election has been determined, the chief electoral officer shall determine in the manner hereinafter provided, the number of candidates of that registered party, if any, to be declared in terms of section 39(1)(b) to be duly elected as members of the Assembly.

(2) For the purpose of calculating the said number of candidates, a quota of votes for one candidate shall be determined by dividing the total number of votes recorded for all the registered parties at the election, by the number seventy-two (that number being the number of seats in the Assembly required to be filled by means of the election as contemplated in section 36), while any remainder obtained in calculating the value of the quota in question shall be disregarded.

(3) The said number of candidates shall be calculated in accordance with the formula:

$$X = (A \div B) + C$$

in which —

X represents the said number;

(5) Die hoofverkiesingsbeampte endosseer die woord "verwerp" of "rejected" op 'n aangebode stembrief wat finaal ingevolge hierdie Proklamasie verwerp is, en vir dié doel moet hy elke aangebode stembriefkoevert wat so 'n stembrief bevat, oopmaak, die stembrief uithaal sonder om dit oop te vou, en die koevert verwyder en vernietig.

Samestelling van Vergadering

36. Die Vergadering bestaan uit 72 lede wat persone moet wees wat genomineer is deur die geregistreerde partye wat vir daardie doel verkies is by die verkiesing gehou ooreenkomstig die bepalings van hierdie Proklamasie, en wat behoorlik as verkose verklaar is ingevolge artikel 39(1)(b).

Kwalifikasies van lede van Vergadering

37. Enige persoon wie se naam op die register van kiesers verskyn en wat een-en-twintig jaar oud of ouer is, is bevoeg om as lid van die Vergadering verkies te word.

Bepaling van aantal kandidate van geregistreerde party wat verkose verklaar moet word

38. (1) Wanneer al die stemme getel is en die aantal stemme bepaal is wat by die verkiesing op 'n geregistreerde party uitgebring is, bepaal die hoofverkiesingsbeampte, op die wyse hieronder voorgeskryf, die aantal kandidate van daardie geregistreerde party, indien daar is, wat ingevolge artikel 39(1)(b) tot behoorlik verkose lede van die Vergadering verklaar moet word.

(2) Vir die berekening van genoemde aantal kandidate word 'n kwota stemme vir een kandidaat vasgestel deur die totale aantal stemme wat op al die geregistreerde partye by die verkiesing uitgebring is, te deel deur die getal twee-en-sewentig (daardie getal synde die aantal setels in die Vergadering wat deur middel van die verkiesing gevul moet word soos beoog in artikel 36), terwyl 'n breuk wat by die berekening van die waarde van die betrokke kwota verkry word, buite rekening gelaat word.

(3) Genoemde aantal kandidate word bereken ooreenkomstig die formule:

$$X = (A \div B) + C$$

waarin —

X genoemde aantal voorstel;

A represents the number of votes recorded for the registered party concerned;

B represents the appropriate quota determined in terms of subsection (2);

C represents the value 1 if a candidate is allocated to the registered party concerned in terms of subsection (4), and the value 0 if no candidate is so allocated to the registered party concerned,

and any remainder obtained in calculating the value of (A ÷ B) is disregarded except for the purposes of subsection (4), in which such remainder shall be referred to as unallocated votes.

(4) If, when the value of (A ÷ B) has been determined in terms of subsection (3) for each registered party, the number of candidates represented by the aggregate of all such values is less than the number of seats required to be filled as aforesaid, the number representing the shortfall shall be allocated on the basis of one candidate each to an equal number of registered parties, being those registered parties having the greatest numbers of unallocated votes.

(5) If, in the applicaiton of the provisions of subsection (4), only one seat remains to be allocated and two or more registered parties have an equal number of unallocated votes, and such registered parties have more unallocated votes than any other registered party that has not been allocated a seat under that subsection, the remaining seat shall be allocated to that registered party with the equal number of unallocated votes that has received the lowest total number of votes in the election.

Announcement of result of election

39. (1) As soon as possible after the provisions of section 38 have been complied with in respect of all the registered parties, the chief electoral officer shall thereupon announce, outside the principal outer door of the premises in which the counting of the votes took place, the result of the election by —

(a) making known the total number of votes counted and the appropriate quota determined in terms of that section and, in

A die aantal stemme voorstel wat op die betrokke geregistreerde party uitgebring is;

B die toepaslike kwota voorstel wat ingevolge subartikel (2) vasgestel is;

C die waarde 1 voorstel indien 'n kandidaat ingevolge subartikel (4) aan die betrokke geregistreerde party toegewys word, en die waarde 0 voorstel indien geen kandidaat aldus aan die betrokke geregistreerde party toegewys word nie,

en 'n breuk wat by die berekening van die waarde van (A ÷ B) verkry word, buite rekening gelaat word behalwe by die toepassing van subartikel (4), waarin daar na sodanige breuk verwys word as nie-toegewysde stemme.

(4) Indien, wanneer die waarde van (A ÷ B) ingevolge subartikel (3) vir elke geregistreerde party bepaal is, die aantal kandidate wat deur al sodanige waardes gesamentlik verteenwoordig word, minder is as die aantal setels wat soos voormeld gevul moet word, word die aantal wat die tekort verteenwoordig, op die grondslag van een kandidaat elk toegeken aan 'n gelyke aantal geregistreerde partye, synde dié geregistreerde partye wat die grootste getalle nie-toegewysde stemme het.

(5) Indien, by die toepassing van die bepalings van subartikel (4), daar slegs een setel oorbly om toegeken te word en twee of meer geregistreerde partye het 'n gelyke aantal nie-toegewysde stemme, en sodanige geregistreerde partye het meer nie-toegewysde stemme as enige ander geregistreerde party wat nie 'n setel kragtens daardie subartikel toegeken is nie, word die oorblywende setel toegeken aan daardie geregistreerde party met die gelyke aantal nie-toegewysde stemme wat die minste totale aantal stemme in die verkiesing verkry het.

Aankondiging van uitslag van verkiesing

39. (1) So gou doenlik, nadat daar ten opsigte van al die geregistreerde partye aan die bepalings van artikel 38 voldoen is, kondig die hoofverkiesingsbeampte die uitslag van die verkiesing buitekant die hoofbuitedeur van die perseel waarin die tel van stemme plaasgevind het, aan deur —

(a) die totale aantal stemme getel en die toepaslike kwota ingevolge daardie artikel vasgestel en, met betrekking tot elke geregis-

respect of each registered party, the number of votes recorded for it and the number of candidates, if any, determined in its case in terms of that section; and

(b) declaring —

(i) the candidates on the list of candidates of each registered party in whose case a number of candidates has been determined as aforesaid, in the order (starting with the name at the top of the list) in which their names appear on the list and up to the number determined in the case concerned; and

(ii) if the number of candidates determined as aforesaid is more than the candidates available on the said list, a qualified person who has been nominated in writing for that purpose by the said registered party and who has in writing accepted his nomination,

to be duly elected as members of the Assembly with effect from the last polling day determined in respect of the election.

(2) If there appears on any list of candidates the name of a person who died or was found not to be a qualified person in relation to the Assembly on or before the date of the declaration contemplated in subsection (1)(b), that name shall for the purposes of that paragraph be deemed not to appear on the list in question.

(3) If the seat of a member who has in terms of subsection (1)(b) been declared to be a duly elected member becomes vacant before the day the Assembly is first convened, the vacancy shall be filled by the chief electoral officer declaring to be a duly elected member with effect from the date of the declaration —

(a) the person, if any, who at the election was a candidate of the registered party of which the person who vacated the seat was such a candidate, and whose name is the next available name on the list of such candidates published in terms of section 11(1); or

(b) if the name of no such person is available on the said list, a qualified person who has been nominated in writing for that purpose by the said registered party and who has in writing accepted his nomination.

treerde party, die aantal stemme op hom uitgebring en die aantal kandidate, indien daar is, ingevolge daardie artikel in sy geval bepaal, bekend te maak; en

(b) (i) die kandidate op die lys van kandidate van elke geregistreerde party in wie se geval 'n aantal kandidate bepaal is soos voormeld, in die volgorde (met die naam bo-aan die lys as begin) waarin hul name op die lys verskyn en tot die aantal in die betrokke gevai bepaal; en

(ii) indien die aantal kandidate vasgestel soos voormeld meer is as die kandidate wat op genoemde lys beskikbaar is, 'n bevoegde persoon wat skriftelik genomineer is vir daardie doel deur genoemde geregistreerde party en wat sy nominasie skriftelik aanvaar het,

te verklaar as behoorlik verkies tot lede van die Vergadering met ingang van die laaste stemdag ten opsigte van die verkiesing bepaal.

(2) Indien daar op 'n lys van kandidate die naam verskyn van 'n persoon wat op of voor die verklaring in subartikel (1)(b) beoog, te sterwe gekom het of bevind is nie 'n bevoegde persoon met betrekking tot die Vergadering te wees nie, word daardie naam by die toepassing van daardie paragraaf geag nie op die betrokke lys te verskyn nie.

(3) Indien die setel van 'n lid wat ingevolge subartikel (1)(b) tot behoorlik verkose lid verklaar is, vakant word voordat die Vergadering vir die eerste maal vergader, word die vakature gevul deur die verklaring, deur die hoofverkiesingsbeampte, tot behoorlik verkose lid met ingang van die datum van die verklaring, van —

(a) die persoon, indien daar een is, wat by die verkiesing 'n kandidaat was van die geregistreerde party waarvan die persoon wat bedoelde setel ontruim het so 'n kandidaat was, en wie se naam die volgende beskikbare naam is op die ingevolge artikel 11(1) gepubliseerde lys van sodanige kandidate; of

(b) indien die naam van geen persoon aldus op genoemde lys beskikbaar is nie, 'n bevoegde persoon wat vir dié doel skriftelik deur genoemde geregistreerde party genomineer is en wat sy nominasie skriftelik aanvaar het.

Jurisdiction in respect of setting aside announcement of result of election

40. The announcement of the result of the election made by the chief electoral officer in terms of section 39 shall not be set aside by any court of law.

Publication of result of election

41. (1) The chief electoral officer shall cause a notice of the announcement made by him in terms of section 39 and the particulars contained in the announcement, to be published in the *Official Gazette*.

(2) Such notice shall on its mere production in any legal proceedings be *prima facie* evidence of the announcement to which it relates and the particulars thereof.

Sealing and safe-keeping of election material

42. (1) The chief electoral officer shall as soon as practicable after the announcement of the result of the election enclose in separate packets —

(a) all counted tendered ballot papers;

(b) all rejected tendered ballot papers;

(c) all registration cards together with the register of voters; and

(d) all lists of voters and ballot paper accounts,

and shall seal such packets and cause them, together with the packets referred to in section 31(6), to be delivered to the Registrar of the Supreme Court of South West Africa.

(2) The said Registrar shall be responsible for the safe-keeping of all the packets received in terms of this Proclamation, and shall retain them until such time any competent authority directs otherwise.

(3) Subject to the provisions of subsection (4), no person shall open, or inspect the contents of the packets referred to in subsection (2), except by order of the said court, which may be granted on the court being satisfied by evidence on oath that the inspection or production of any document contained in such packet is required for the purposes of instituting or maintaining a prosecution for an offence in relation to the election or in relation to the registration of voters under the

Regsbevoegdheid ten opsigte van die tersydestelling van aankondiging van uitslag van verkiesing

40. Die aankondiging van die uitslag van die verkiesing deur die hoofverkiesingsbeampte ingevolge artikel 39 gedoen, word nie deur 'n geregshof tersyde gestel nie.

Publikasie van uitslag van verkiesing

41. (1) Die hoofverkiesingsbeampte laat 'n kennisgewing van die aankondiging deur hom ingevolge artikel 39 gedoen, en die besonderhede in die aankondiging vervat, in die *Offisiële Koerant* publiseer.

(2) Sodanige kennisgewing is by blote voorlegging in geregtelike verrigtinge *prima facie*-bewys van die aankondiging waarop dit betrekking het en van die besonderhede daarvan.

Verseëling en bewaring van verkiesingsmateriaal

42. (1) Die hoofverkiesingsbeampte moet so gou doenlik na die aankondiging van die uitslag van die verkiesing in afsonderlike pakkette toemaak —

(a) alle getelde stembriewe;

(b) alle verworpe stembriewe; en

(c) alle registrasiekaarte tesame met die register van kiesers; en

(d) alle lyste van kiesers en stembriefverslae,

en sodanige pakkette verseël en hulle, tesame met die pakkette bedoel in artikel 31(6) aan die Griffier van die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika laat aflewer.

(2) Genoemde Griffier is verantwoordelik vir die veilige bewaring van die pakkette ontvang ingevolge hierdie Proklamasie en behou hulle totdat 'n bevoegde gesag anders gelas.

(3) Behoudens die bepalings van subartikel (4), mag niemand die pakkette bedoel in subartikel (2) oopmaak of die inhoud daarvan insien nie behalwe kragtens 'n bevel van genoemde hof, wat verleen kan word wanneer die hof op grond van beëdigde getuienis oortuig is dat insae in of voorlegging van 'n stuk in so 'n pakket bevat, vereis word ten einde 'n vervolging met betrekking tot die verkiesing of met betrekking tot die registrasie van kiesers kragtens die Registrasieproklamasie in te stel of voort

Registration Proclamation, and any such order may be made subject to such conditions as to persons and time, place and manner of inspection or production as the court may deem fit.

(4) The chief electoral officer, or such other person as a competent authority may determine, shall be entitled to open and inspect any packet containing registration cards or the register of voters, in order to ascertain for the purposes of any provision of this Proclamation that the name of any person appears on the register of voters: Provided that such packet shall be closed and sealed after every such inspection.

(5) Any power conferred upon the court by this section may be exercised by any judge of the court in chambers.

te sit, en so 'n bevel kan onderworpe gestel word aan die voorwaardes aangaande persone en tyd, plek en wyse van insae of voorlegging wat die hof goed ag.

(4) Die hoofverkiesingsbeampte, of die ander persoon wat die Administrateur-generaal bepaal, is geregtig om 'n pakket wat registrasiekaarte of die register van kiesers bevat, oop te maak en in te sien ten einde vir die doeleindes van die een of ander bepaling van hierdie Proklamasie vas te stel dat die naam van 'n persoon op die register van kiesers verskyn: Met dien verstande dat bedoelde pakket na elke sodanige insae toegemaak en verseël moet word.

(5) 'n Bevoegdheid by hierdie artikel aan die hof verleen, kan deur enige regter van die hof in kamers uitgeoefen word.

OFFENCES AND PENALTIES

Infringement of secrecy

43. (1) Every officer or agent to the extent determined by this Proclamation, present at a polling station shall maintain, and aid in maintaining, the secrecy of the voting at that polling station, and shall not communicate, except for some purpose authorized by law, to any person any information likely to defeat the secrecy of the voting.

(2) Except as determined by this Proclamation, no person shall interfere with or attempt to interfere with a voter when marking his vote, or otherwise attempt to obtain at a polling station information as to the registered party for which any voter at that polling station is about to vote or has voted, or communicate at any time to any person any information obtained at a polling station as to the registered party for which any voter at such polling station is about to vote or has voted.

(3) No person shall, directly or indirectly, induce any voter to display his ballot paper, after he has marked it, in such a manner as to make known to any person the name of the registered party for which the voter has marked his vote.

(4) (a) Every person present at the determination of the result of the poll shall maintain, and aid in maintaining, the secrecy of the

MISDRYWE EN STRAWWE

Skending van geheimhouding

43. (1) Elke beampte of agent in die mate by hierdie Proklamasie bepaal wat in 'n stemburo teenwoordig is, moet die geheimhouding van die stemming in daardie stemburo handhaaf en help om dit te handhaaf, en mag aan niemand, behalwe vir 'n bywet gemagtigde doel, enige inligting meedeel wat die geheimhouding van die stemming waarskynlik sal verydel nie.

(2) Behalwe soos by hierdie Proklamasie bepaal, mag niemand hom met 'n kieser, wanneer hy sy stem merk, bemoei of poog te bemoei nie, of op 'n ander wyse poog om by 'n stemburo inligting te verkry aangaande die geregistreerde party waarvoor 'n kieser by daardie stemburo gaan stem of gestem het nie, of te eniger tyd aan enigiemand inligting meedeel nie wat by 'n stemburo verkry is aangaande die geregistreerde party waarvoor 'n kieser by daardie stemburo gaan stem of gestem het.

(3) Niemand mag 'n kieser regstreeks of onregstreeks beweeg om sy stembrief, nadat hy dit gemerk het, op so 'n wyse te vertoon dat iemand die naam van die geregistreerde party waarvoor die kieser sy stem gemerk het, te wete kom nie.

(4) (a) Elkeen wat teenwoordig is by die bepaling van die uitslag van die stemming moet die geheimhouding van die stemming hand-

voting, and shall not attempt to ascertain at such determination, or communicate any information obtained at such determination as to the manner in which any particular person marked his ballot paper.

(b) No person present at the counting of votes shall communicate to any other person any information obtained at such counting about the registered party in respect of which a vote has been recorded in any spoiled ballot paper.

(5) Except under the provisions of section 22, no person shall attempt to ascertain, or directly or indirectly assist in ascertaining, for which registered party any voter has recorded his vote.

(6) Any person who, in the carrying out of his duties under this Proclamation, has obtained any knowledge as to the registered party for which any person has recorded his vote, shall not disclose such knowledge.

(7) No person shall, except upon the order of any court or as authorized by this Proclamation, break the seal of a sealed packet or open such a packet.

(8) Any person who contravenes, or fails to comply with any provision of this section, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R6 000 or to imprisonment for a period not exceeding three years or to both such fine and such imprisonment.

haaf en help om dit te handhaaf, en mag nie by sodanige bepaling poog om die wyse waarop 'n besondere persoon sy stembrief gemerk het, vas te stel nie, of inligting daaroor wat by sodanige bepaling verkry is, oordra nie.

(b) Niemand wat by die tel van stemme teenwoordig is, mag aan iemand anders enige inligting oordra nie wat by sodanige tel van stemme verkry is oor die geregistreerde party ten opsigte waarvan 'n stem op 'n bedorwe stembrief uitgebring is.

(5) Behalwe kragtens die bepalings van artikel 22, mag niemand poog om vas te stel, of regstreeks of onregstreeks help om vas te stel, op watter geregistreerde party 'n kieser sy stem uitgebring het nie.

(6) Iemand wat by die verrigting van sy pligte ingevolge hierdie Proklamasie te wete gekom het op watter geregistreerde party iemand sy stem uitgebring het, mag daardie kennis nie openbaar nie.

(7) Niemand mag, behalwe op bevel van 'n hof of ingevolge magtiging by hierdie Proklamasie verleen, die seël van 'n verseëlde pakket breek of so 'n pakket oopmaak nie.

(8) Iemand wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R6 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

Neglect of duty

44. Any controller, electoral officer, presiding officer, polling officer or counting officer, who after having accepted an appointment as such, wilfully fails to perform any of the duties which he is required to perform in terms of the provisions of this Proclamation or the instructions issued under it by the chief electoral officer, shall, without derogating from any other provision of this Proclamation, be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R2 000 or to imprisonment for a period not exceeding one year or to both such fine and such imprisonment.

Pligsversuim

44. 'n Kontroleur, verkiesingsbeampte, voorsittende beampte, stemopnemer of telbeampte wat, nadat hy 'n aanstelling as sodanige aanvaar het, opsetlik versuim om enige van die pligte te verrig wat hy ingevolge die bepalings van hierdie Proklamasie of die voorskrifte deur die hoofverkiesingsbeampte daarkragtens uitgereik, moet verrig, is, sonder om afbreuk te doen aan enige ander bepaling van hierdie Proklamasie, aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R2 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar of met sowel

Disturbance of proceedings and obstruction of officers

45. Any person who —

(a) wilfully obstructs or disturbs any proceedings under this Proclamation at a polling station or obstructs or interferes with the chief electoral officer or any controller, electoral officer, presiding officer, polling officer or counting officer in the exercise of his powers or the performance of his duties and functions under this Proclamation; or

(b) on any polling day does any canvassing for votes or erects any poster or structure, other than for official purposes, nearer than 500 metres from the polling station; or

(c) on any polling day uses any form of loudspeaker, excluding for official purposes, or organizes any procession of or demonstration by persons or participates therein,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R10 000 or to imprisonment for a period not exceeding five years or to both such fine and such imprisonment.

Undue influence

46. Any person who, directly or indirectly, by himself or by any other person —

(a) makes use or threatens to make use of any violence, force or restraint, or inflicts or threatens to inflict any bodily or psychological injury, damage, hazard or loss, upon or against, or does or threatens to do anything to the disadvantage of, any person or his next of kin in order to induce or compel any person to vote or to refrain from voting at the election, or on account of any person having voted or refrained from voting at the election; or

(b) by any such means as aforesaid or any fraudulent device or contrivance induces, compels or prevails upon any voter to vote or refrain from voting at the election or to vote in favour of a particular registered party, or impedes, hinders or prevents the

Onderbreking van verrigtinge en belemmering van beamptes

45. Iemand wat —

(a) enige verrigtinge kragtens hierdie Proklamasie by 'n stemburo opsetlik belemmer, onderbreek of versteur, of wat die hoofverkiesingsbeampte of 'n kontroleur, verkiesingsbeampte, voorsittende beampte, stemopnemer of telbeampte by die uitoefening van sy bevoegdhede of die verrigting van sy pligte of werksaamhede ingevolge hierdie Proklamasie belemmer; of

(b) op 'n stemdag enige stemme werf of 'n plakkaat of struktuur oprig buiten vir amptelike doeleindes nader as 500 meter aan die stemburo; of

(c) op 'n stemdag, uitgesonderd vir amptelike doeleindes, enige vorm van luidspreker gebruik of wat enige optog van of betoging deur persone reël of daaraan deelneem,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R10 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

Onbehoorlike beïnvloeding

46. Iemand wat, regstreeks of onregstreeks, self of deur 'n ander persoon —

(a) op of teen enige persoon of sy naasbestaandes geweld of dwang gebruik of dreig om dit te gebruik, of enige persoon of sy naasbestaandes enige liggaamlike of psigiese leed, skade, kwaad of verlies aandoen of berokken of dreig om dit te doen, of iets tot nadeel van enige persoon of sy naasbestaandes doen of dreig om dit te doen, ten einde enige persoon te beweeg of te dwing om by die verkiesing te stem of nie te stem nie, of omdat enige persoon by die verkiesing gestem het of nie gestem het nie; of

(b) op 'n wyse soos voormeld of deur enige bedrieglike middel of plan 'n kieser beweeg, dwing of oorhaal om by die verkiesing of ten gunste van 'n bepaalde geregistreerde party te stem of nie aldus te stem nie, of die vrye uitoefening deur 'n kieser

free exercise of the franchise by any voter at the election,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R20 000 or to imprisonment for a period not exceeding ten years or to both such fine and such imprisonment.

Bribery

47. (1) Any person who, whether himself or through an intermediary and whether directly or indirectly —

(a) corruptly gives, lends or procures, or agrees to give, lend or procure, or offers, promises, or promises to procure, or promises to endeavour to procure, any money or any other thing, to or for any voter, or to or for any person on behalf of any voter, or to or for any other person —

(i) for the purpose of inducing such voter to record or abstain from recording his vote in the election; or

(ii) on account of the fact that such voter has recorded or abstained from recording his vote in the election; or

(b) corruptly gives, lends or agrees to give or lend, or offers, or promises to procure, or promises to endeavour to procure, any money or any other thing to or for any voter, or to or for any person on behalf of any voter, or to or for any other person, for acting or joining in any procession or demonstration before, during or after the election; or

(c) makes any such gift, loan, offer or promise or effect for him any such procurement or enters into any such agreement to or for or with any other person for the purpose of inducing such person to vote for any particular registered party; or

(d) upon or in consequence of any such gift, loan, offer, promise, procurement or agreement, procures, or engages or promises or endeavours to procure the vote of any voter in the election; or

van sy stemreg by die verkiesing belemmer, verhinder of belet,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R20 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens tien jaar of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

Omkopery

47. (1) Iemand wat, hetsy self of deur 'n ander persoon en hetsy regstreeks of onregstreeks —

(a) op korrupte wyse aan of vir 'n kieser, of aan of vir 'n persoon ten behoewe van 'n kieser, of aan of vir 'n ander persoon, geld of enigiets anders skenk, leen of verkry of ooreenkom om dit te gee, te leen of te verkry of dit aanbied of beloof of beloof om dit te verkry of beloof om te probeer om dit te verkry —

(i) met die doel om sodoende 'n kieser te beweeg om sy stem by die verkiesing uit te bring of hom van stemming te onthou; of

(ii) vanweë die feit dat sodanige kieser sy stem by die verkiesing uitgebring het of hom van stemming onthou het; of

(b) op korrupte wyse aan of vir 'n kieser, of aan of vir 'n persoon ten behoewe van 'n kieser, of aan of vir 'n ander persoon, geld of enigiets anders skenk of leen, of ooreenkom om dit te gee of te leen, of dit aanbied of beloof om dit te verkry of beloof om te probeer om dit te verkry, vir optrede in of deelname aan enige optog of betoging voor, gedurende of na die verkiesing; of

(c) aan 'n ander persoon sodanige skenking maak of aanbod of belofte doen of vir hom sodanige lening gee, of vir hom sodanige verkryging bewerkstellig of met hom sodanige ooreenkoms aangaan met die doel om sodanige persoon te beweeg om vir 'n bepaalde geregistreerde party te stem; of

(d) ten gevolge van sodanige skenking, lening, aanbod, belofte, verkryging of ooreenkoms, die stem van 'n kieser by die verkiesing verkry of onderneem, beloof of probeer om dit te verkry; of

(e) advances or pays, or causes to be advanced or paid, any money, to, or for the use of, any other person with the intention that such money, or any part thereof, is to be expended in bribery in the election, or who knowingly pays, or causes to be paid, any money to any other person in discharge or repayment of any money which has in full or in part been expended in bribery in the election; or

(f) before or during the election, receives or negotiates any payment or loan on his own behalf or on behalf of any other person in consideration for his voting or his agreeing to vote in such election or his abstaining from voting, or his agreeing to abstain from voting, in such election; or

(g) after the election has received any money on account of the fact that any other person —

(i) has recorded his vote or has abstained from recording his vote in such election; or

(ii) has induced any further person to record or to abstain from recording his vote in such election,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R20 000 or to imprisonment for a period not exceeding ten years or to both such fine and such imprisonment.

(2) Nothing —

(a) in subsection (1)(a) contained shall be construed as applying to any transportation rendered to any voter for the purpose of recording his vote;

(b) in this section contained shall be construed as applying to any money paid or agreed to be paid for or on account of any electoral expenditure *bona fide* and lawfully incurred.

Impersonation

48. Any person who —

(a) in the election applies for a ballot paper in

(e) aan of vir die gebruik van 'n ander persoon geld voorskiet of betaal, of laat voorskiet of betaal, met die bedoeling dat sodanige geld of 'n deel daarvan by die verkiesing aan omkopery bestee moet word, of wat willens en wetens aan 'n ander persoon enige geld betaal of laat betaal ter vereffening of terugbetaling van geld wat ten volle of ten dele by 'n verkiesing aan omkopery bestee is; of

(f) voor of gedurende die verkiesing, vir homself of ten behoewe van 'n ander persoon, enige betaling of lening ontvang of beding as teenprestasie daarvoor dat hy by sodanige verkiesing gestem het of ooreengekom het om by sodanige verkiesing te stem, of dat hy hom by sodanige verkiesing van stemming onthou het of ooreengekom het om hom van stemming te onthou; of

(g) na die verkiesing geld ontvang het vanweë die feit dat 'n ander persoon —

(i) by sodanige verkiesing sy stem uitgebring het of hom van stemming onthou het; of

(ii) by sodanige verkiesing 'n verdere persoon beweeg om sy stem uit te bring of hom van stemming te onthou,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R20 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens tien jaar of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

(2) Geen bepaling —

(a) van subartikel (1)(a) word uitgelê as sou dit van toepassing wees op enige vervoer verskaf aan 'n kieser ten einde sy stem te kan uitbring nie;

(b) van hierdie artikel word uitgelê as sou dit van toepassing wees op geld wat vir of weens *bona fide* en wettige aangegane verkiesingskoste betaal is of volgens ooreenkoms betaal moet word nie.

Uitgee vir 'n ander

48. Iemand wat —

(a) by die verkiesing in die naam van 'n ander

the name of some other person living or dead or of a fictitious person and who records a vote in the name of any such person; or

(b) having voted once in the election, in such election applies again for a ballot paper; or

(c) submits any affidavit required in terms of this Proclamation containing any information or allegation which he knows to be false,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R6 000 or to imprisonment for a period not exceeding three years or to both such fine and such imprisonment.

Corrupt procurement or withdrawal of candidature

49. Any person who —

(a) corruptly induces or procures any other person to become a candidate or to withdraw as a candidate in the election in consideration of any payment or promise of any nature; or

(b) becomes a candidate or withdraws as a candidate in the election as a result of inducement or procurement provided in paragraph (a); or

(c) for the purpose of promoting or securing the election of another candidate or registered party, before or during the election, publishes a false statement of the withdrawal of a registered party or the death or withdrawal of a candidate from such election, knowing such statement to be false,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R6 000 or to imprisonment for a period not exceeding three years or to both such fine and such imprisonment.

Treating

50. Any person who —

(a) corruptly, whether himself or through an

persoon, hetsy lewend of afgestorwe, of van 'n denkbeeldige persoon, om 'n stembrief aansoek doen en in die naam van sodanige persoon 'n stem uitbring; of

